# Hoofstuk 4
# WOORDSOORTE




**KORTPADWENK**

- As jy onseker oor 'n woordsoort is, vervang dit met n woordsoort waarvan jy seker is.
- Toets dit, bv. as jy nie weet tot watter woordsoort alhoewel in die volgende sin behoort nie, vervang dit met 'n ander woordsoort (bv. maar):
- Hy het nie gegaan nie, **alhoewel** (maar) hy wou.
- Jy weet dat maar 'n voegwoord is, daarom is alhoewel ook 'n voegwoord.

## 4.1 DIE WERKWOORD (ww.)

Die werkwoord dui die handeling aan wat plaasvind.

### 4.1.1 KOPPELWERKWOORD

Die koppelwerkwoord funksioneer nie alleen in 'n sin nie, en koppel met iets anders.

1. Die koppelwerkwoord koppel met naamwoorde:
   - die selfstandige naamwoord
     Hy word 'n onderwyser
   - voornaamwoord
     Dit is hy
2. Die koppelwerkwoord koppel met die adjektief/byvoeglike naamwoord
   Hy voel moeg
3. Die koppelwerkwoord koppel met 'n sinsnede/sin
   Dit lyk asof dit die waarheid is.

**LEER DIE VOLGENDE KOPPELWERKWOORDE UIT JOU KOP UIT**

is, was, wees, word
lyk, blyk, skyn
heet, raak
voel, klink

### 4.1.2 DIE HOOFWERKWOORD

- Die **hoofwerkwoord** word so genoem omdat dit alleen as gesegde (sinsdeel) kan optree in 'n sin.
- **Medewerkwoorde/hulpwerkwoorde** moet altyd saam met 'n hoofwerkwoord optree in 'n sin.

4.1.2.1 Die hoofwerkwoord kan **oorganklik** of **onoorganklik** gebruik word.

**ONTHOU:**
Die koppelwerkwoord neem nié 'n voorwerp nie, al lyk dit so, bv.

Hy is 'n onderwyser.

**Kyk dus eers of die werkwoord nie 'n koppelwerkwoord is nie,** voordat jy kyk of die werkwoord oorganklik of onoorganklik is.

KORTPAD-RESEP VIR OORGANKLIKE WW.
Kry die voorwerp deur die volgende vrae te vra:

| | | |
|---|---|---|
| STAP 1: | wie/wat werkwoord? | = onderwerp |
| STAP 2: | wie/wat werkwoord onderwerp? | = voorwerp |

As jy 'n antwoord op STAP 2 kry, is die werkwoord oorganklik.
Indien nie, is die werkwoord onoorganklik



Die werkwoord is oorganklik as daar 'n voorwerp is:

VOORBEELDSIN A: *Ma bak koek*

*Ma bak 'n koek*

| | |
|---|---|
| STAP 1: wie/wat bak (ww)? | = Ma (onderwerp) |
| STAP 2: wie/wat bak (ww) Ma (onderwerp)? | = koek (voorwerp) |

Bak (die ww.) is dus in bogenoemde sin oorganklik. omdat daar 'n voorwerp, koek, is.

*Ma bak nog*

| | |
|---|---|
| STAP 1: wie/wat bak (ww)? | = Ma (onderwerp) |
| STAP 2: wie/wat bak (ww) Ma (onderwerp)? | = geen antwoord. |

Bak (die ww.) in voorbeeldsin B is dus onoorganklik, omdat daar nie 'n voorwerp is nie.

4.1.2.2 Die wederkerende werkwoord

Die wederkerende werkwoord word saam met die wederkerende voornaamwoord (hy hom, sy - haar, ens.) gebruik:

*Hy vererg hom*

*Sy vervies haar*

4.1.2.3 Die wederkerige werkwoord

Word saam met die wederkerige naamwoord, mekaar, gebruik:

*Hulle groet mekaar*

4.1.2.4 Die onpersoonlike werkwoord

Word saam met die onpersoonlike voornaamwoord gebruik:

*Dit reën*

.

**VRAAGMOONTLIKHEDE**

1. Word die werkwoorde in r. 3 oorganklik of onoorganklik gebruik?
2. Skryf die hoofwerkwoord neer wat in r.8 voorkom.
3. Benoem die volgende woordsoorte...

### 4.1.3 DEELTJIEWERKWOORD


(ook SKEIBARE WERKWOORD genoem)

- Soms word jy gevra om 'n werkwoord te identifiseer in 'n sin wat uit twee *dele* bestaan, bv.

- *Hy gee die boek terug* (die ww. is dus teruggee en nie net gee nie)
- *Hulle stel 'n nuwe bestuurder aan* (aanstel en nie net stel nie)
- *Dit kom my voor asof hy baie lui is* (voorkom en nie net kom nie)
- *Hy sloof hom af vir haar* (afsloof en nie net sloof nie)

- Die verlede tyd by die deeltjiewerkwoord is ook baie belangrik. Wanneer die klem op die eerste deel van die deeltjiewerkwoord val, neem dit ge- in die verlede tyd by die tweede deel:

  asemhaal → asemgehaal
  oppas → opgepas
  agterkom → agtergekom
  dophou → dopgehou




**KORTPADWENK**

- Deeltjiewerkwoorde is dus nie 'n woordsoort nie en moet nooit as sulks benoem word nie.
- Jy moet weet dat die werkwoord uit deeltjies kan bestaan en dat jy dit ook in die gedeelde vorm as 'n een werkwoord moet kan herken.
- Jy moet die verlede tyd van die deeltjiewerkwoorde korrek kan gebruik.

### 4.1.4 DIE MEDEWERKWOORDE / HULPWERKWOORDE

- Die medewerkwoord help die hoofwerkwoord om sekere vorme (soos tyd) uit te druk.
- Die medewerkwoord kan nie alleen in 'n sin optree nie, dit help altyd die hoofwerkwoord.

#### 4.1.4.1 HULPWERKWOORD VAN VORM




**KORTPADWENK**

- Moenie deurmekaar raak met is en word as koppelwerkwoorde nie.
- 'n Maklike toets is die "deur hom"-toets:
  - Hy is moeg ➢ hy is (deur hom) moeg ***X*** (is = koppelww)
  - Hy is geskiet ➢ hy is (deur hom) geskiet ✓ (is = hww. van vorm)

- Daar is slegs 2 hulpwerkwoorde van vorm, naamlik is en word
  - **is** om die verlede tyd in die lydende vorm uit te druk: ➢ *Hy is in die maag geskiet*
  - **word** om die teenwoordige tyd in die lydende vorm uit te druk: ➢ Die *bok* ***word*** *geskiet.*
- **is** en **word** word altyd saam met die onoorganklike werkwoord gebruik.

### 4.1.4.2 HULPWERKWOORD VAN TYD

- Die hulpwerkwoord van tyd, **het**, help om die verlede tyd uit te druk: Nicolaas **het** sy huiswerk gedoen.

**ONTHOU:** Die hulpwerkwoord van tyd het moenie verwar word met die oorganklike werkwoord het nie:

- Ek het gewerk (hulpwerkwoord)
- Ek het verkoue (oorganklike werkwoord)



### 4.1.4.3 HULPWERKWOORD VAN WYSE

- Die hulpwerkwoord van wyse help om uit te druk dat die werking *wenslik, moontlik* of *waarskynlik* is: kan/kon, wil/wou, sal/sou, moes/moet, durf & behoort te/hoef te




**KORTPADWENK**
Hulpwerkwoorde met wisselvorme is meestal hulpwerkwoorde van vorm: *kan/kon, wil/wou, sal/sou, mag/mog, moet/moes*

**VRAAGMOONTLIKHEDE**

1. Tree is/word in r.4 op as 'n koppelwerkwoord of 'n medewerkwoord? Motiveer jou antwoord.
2. Skryf die medewerkwoord wat in r.8 voorkom, neer...
3. Watter funksie verrig die medewerkwoord in r.9? (Antw. dit dui verlede tyd aan (het) / 'n waarskynlikheid aan (sou))
4. Benoem die volgende woordsoorte...
5. Skryf die deeltjiewerkwoord neer wat in sin 3 voorkom.

### 4.1.5 TYE VAN DIE WERKWOORD

Daar word drie tydsvorme onderskei

4.1.5.1 Die **teenwoordige** tyd om handeling in die teenwoordige aan te dui:

*Die kinders speel*
*Die wind waai*

4.1.5.2 Die **verlede** tyd dui handeling aan in die verlede:

*Die kinders het gespeel*

*Die wind <u>het gewaai</u>*

4.1.5.2.1 Die **historiese teenwoordige** tyd

Die <u>verlede tyd</u> kan ook deur die die <u>teenswoordige</u> tydsvorm aangedui word.

- Dit word die historiese teenwoordige tyd genoem
- Die historiese (die verlede) word deur ‘n spesifieke tydswoord (gister, toe, verlede week) aangedui, maar die tyd van die werkwoord is in die hede (teenwoordige tyd)
  - ➢ ***<u>Toe</u>*** *ek die deur <u>oopmaak</u>. <u>staan</u> hy voor my.*
  - ➢ ***<u>Gister</u>*** *<u>begin</u> hy <u>nies</u> en <u>hoes</u>*

4.1.5.2.2 **Die verlede tyd by die deeltjiewerkwoord**

a) Wanneer die klem op die eerste deel van die deeltjiewerkwoord val, neem dit **ge-** in die verlede tyd by die tweede deel:
   asemhaal → asemgehaal
   oppas → opgepas

b) Werkwoorde wat **onskeibaar** saamgestel is met die klem op die laaste deel, bv. mislei, weerkaats, neem nie ge- in die verlede tyd nie:
   het/is/word <u>mislei</u>
   het/is/word <u>weerkaats</u>
   het/is/word <u>agtervolg</u>
   het/is/word <u>omring</u>

c) Woorde wat begin met **be-, er-, ge-, her- ont- en ver-** kry <u>nie</u> ge- in die verlede tydsvorm nie:
   het/is/word <u>versamel</u>
   het/is/word <u>begin</u>
   het/is/word <u>ontslaan</u>
   het/is/word <u>hersien</u>

d) Tweelettergrepige woorde wat eindig op -eer wat die klem op die tweede lettergreep val, kan met of sonder die ge- geskryf word:
   het <u>probeer</u> *of* <u>geprobeer</u> het
   <u>studeer</u> *of* <u>gestudeer</u>

e) Woorde wat bestaan uit drie of meer lettergrepe en op -eer eindig, word met die ge- geskryf:
   het/is/word <u>gekwalifiseer</u>
   het/is/word <u>geïdentifiseer</u>
   het/is/word <u>gerestoureer</u>

4.1.5.3 **Die toekomende tyd**

* Die toekomende tyd dui ‘n handeling in die toekoms aan:
   Die kinders <u>sal speel</u>
   Die wind <u>sal waai</u>
   Ons <u>gaan</u> met hom <u>gesels</u>

### 4.1.6 Die infinitief van die werkwoord

- Die infinitief is die vorm van die werkwoord wat gewoonlik na <u>te</u> of <u>om te</u> gebruik word, maar dit kan ook alleen staan.
- Die infinitief dui dus aan dat ‘n handeling nie deur iets of iemand verrig word nie – die handeling is onbepaald.
- Die infinitief kan op drie maniere in Afrikaans geskryf word:
  - Met <u>om te</u> ➢ <u>Om</u> lekker <u>te eet</u>, is nie altyd gesond nie.

- Met <u>te</u> ➢ Die huis is nie <u>te koop</u> nie
- Sonder <u>te</u> of <u>om te</u> ➢ <u>Lui-wees</u> sal nie help nie!  (om lui te wees…)

**<u>VRAAGMOONTLIKHEDE</u>**

1. Skryf die voigende sin in die teenwoordige / verlede tyd...
2. Skryf die volgende sin in die verlede tyd deur van die historiese teenwoordige tydsvorm gebruik te maak.